KRAGVELDE BINNE DIE KERK

Willie Jonker

Aambeeld, *Jaargang 26, nommer 1, Oktober 1998*

ABSTRACT

Three fields of force historically characterised the Dutch Reformed Church in South Africa: its close association with the Afrikaner people, its Reformed doctrinal heritage, and a pietistic form of spirituality, mainly resulting from the influence of Scottish ministers in the 19th century.

Friction between these fields of force disrupted the unity of the Church. In the 19th century a part of the Church in Transvaal, mainly to protect themselves against political influences, severed its ties with the Cape Church and called itself the Hervormde Kerk. Another group of members reacted to what they saw as the disregard of the Cape Church for its doctrinal heritage, and formed the Reformed Church.

The Dutch Reformed Church retained all three fields of force within itself. It tried to uphold its doctrinal heritage, but combined it with support for the Afrikaner people and its policy of apartheid. Under pressure from within and without the Church since the eighties supported political changes in the country. That sparked off a new secession. In the new political situation in South Africa the Afrikaans churches have lost their public influence. The Dutch Reformed Church withdrew from public life. A new type of other-worldly pietistic or even charismatic spirituality emerged, creating the impression of a flight from reality. It would be wrong, however, to think that the other two fields of force have completely lost their power within the Church. Especially the relation to Afrikanerdom is still alive and may surface unexpectedly in a critical situation. The same may happen in the case of the Reformed doctrinal heritage.

1. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het uit Nederland die karakter van 'n gereformeerde volkskerk meegekry. Daar was dus van die begin af twee kragvelde wat binne die kerk in spanning verkeer het: *die gereformeerde karakter* en die *volkskarakter* van die kerk. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk wou 'n reformatoriese kerk wees, maar ook 'n volkskerk wat die hele volk omvat en aan die volkslewe 'n Christelike karakter verleen, soos dit in die teokratiese visie van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis verwoord word.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk kon hierdie ideaal nooit bereik nie. Die kerk het wel die openbare religiositeit en sedes bevorder, maar nie daarin geslaag om die hele volk te omvat nie. Selfs van haar ingeskrewe lidmate was daar altyd slegs 'n gedeelte wat meelewend was. Die kerk het voortdurend 'n behoefte aan geestelike verdieping gehad.

Aan hierdie behoefte het die Skotse predikante wat in die negentiende eeu in die Kaapse Kerk 'n groot diens gelewer het, besondere aandag geskenk. Veral onder invloed van Andrew Murray is daar klem gelê op die noodsaak van 'n geestelike herlewing. Dit het 'n nuwe tipe spiritualiteit in die kerk gestimuleer, wat van die Nederlandse gereformeerde vroomheid verskil het. Dit kan as 'n *evangelikaliese spiritualiteit* getipeer word. Hoewel dit 'n presbiteriaans-gereformeerde basis het, vertoon dit ook 'n sterk metodisties-piëtistiese inslag. Dit beklemtoon veral die persoonlike heiliging en aktiewe diens aan die saak van die evangelie.

Hierdie tipe vroomheid vorm *'n derde kragveld binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* Dit het die geestelike lewe in die kerk ten goede gekom, die vlak van betrokkenheid van baie lidmate verhoog en veral 'n entoesiasme vir sending en evangelisasie gekweek. Die groot bydrae wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk tot die kerstening van die inheemse bevolking en die uitdra van die evangelie in Afrika en elders gelewer het, is hoofsaaklik die vrug van hierdie kragveld. Dit het egter aan die spiritualiteit van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n evangelikaliese inslag gegee wat in spanning met haar gereformeerde karakter gekom het.

2. Die verbreking van die eenheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die negentiende eeu was in groot mate te wyte aan verskille wat saamgehang het met die funksionering van die verskillende kragvelde in die kerk. Die kragveld van *volksverbondenheid* het naas politieke faktore 'n rol gespeel in die wyse waarop lidmate in Transvaal hulleself van die Kaapse kerk losgemaak het om die *Nederduitsch Hervormde Kerk* te vorm. Verskille in spiritualiteit en 'n bepaalde klem op die *gereformeerde karakter* van die kerk het weer na vore gekom in die afskeiding van die *Gereformeerde Kerke*. Die Doppers het onder meer in verset gekom teen die tipe vroomheid van Andrew Murray en die Skotse predikante, omdat hulle 'n Arminiaanse gees daarin ervaar het. Hulle intensie was om die gereformeerde karakter van die kerk te herstel, en hulle kon daarin die voorbeeld van die Afskeiding in Nederland volg.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is meer gekompliseerd as die ander twee Afrikaanse kerke, omdat dié kerk in haarself die elemente van volksverbondenheid en die belydeniskarakter van die kerk wat die ander twee tipeer, behou het, maar terselfdertyd diep deur die kragveld van 'n *evangelikaliese* spiritualiteit gestempel word. Offisieel en leerstellig wil die Nederduitse Gereformeerde Kerk niks anders as gereformeerd wees nie. Van alle predikante word verwag om hulle gehegtheid aan die historiese gereformeerde belydenisse te betuig en hulle in hulle bediening daaraan te hou. In die praktyk speel die kragveld van die evangelikaliese spiritualiteit met sy metodisties-piëtistiese inslag egter 'n groter rol as in ander gereformeerde kerke.

Daarom is daar by die Nederduitse Gereformeerde Kerk ook 'n groter openheid as by die ander Afrikaanse kerke vir die soort vroomheid van die Charismatiese Beweging wat uit die metodisme gebore is. Dit is nie vreemd nie as 'n mens onthou dat Murray nie net die vroomheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk beïnvloed het nie, maar ook dié van byvoorbeeld die *Apostoliese Geloofsending*, wat histories binne sy invloedsfeer ontstaan het (Hollenweger, 1972: 120). Murray was 'n buitengewoon begenadigde mens wat 'n onberekenbare groot invloed ten goede uitgeoefen het. Hy het 'n begeerte na 'n lewe van heiligheid, toewyding en diens gestimuleer, en 'n onmeetbare bydrae tot die versterking van die visie vir die sending van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gelewer.

Nogtans moet gesê word dat sy soort spiritualiteit tot 'n verswakking van die gereformeerde karakter van die Nederduitse Gereformeerde Kerk bygedra en 'n tweeslagtigheid in die kerk geskep het. Dit het gelei tot die ontstaan van 'n eiesoortige vroomheid in die Nederduitse Gereformeerde Kerk waardeur dié kerk blywend gestempel is. Twee soorte spiritualiteit, 'n gereformeerde en 'n evangelikaliese, word in die vroomheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met mekaar verbind. Daarmee is 'n element van spanning in die Nederduitse Gereformeerde Kerk ingebou. Dit kan maklik die eenheid van die kerk bedreig wanneer een of ander van die kragvelde 'n besondere klem ontvang. Dit is in die veertigerjare bewys toe 'n afskeiding onder leiding van die De Vos-broers plaasgevind het, wat tot die stigting van die *Christelike Gereformeerde Kerk* gelei het. Hierdie afskeiding het direk saamgehang met verskille oor die kragveld van die *evangelikaliese vroomheid*. Dit is nie vreemd dat die Charismatiese Beweging 'n sterk aantrekkingskrag vir baie lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het nie. Dit hang ten nouste saam met die invloed wat hierdie kragveld in die Nederduitse Gereformeerde Kerk het.

3. Die mees virulente kragveld in die Nederduitse Gereformeerde Kerk bly egter nog steeds die kragveld van *volksverbondenheid*. Dit is diep in die geskiedenis van die kerk verwortel. Maar dit het veral sedert die twintiger- en dertigerjare van hierdie eeu 'n groot invloed in die kerk verkry. Baie Afrikaners is destyds vanweë armoede van hulle plase gedwing om in die stede te veragter. Die kerk se diens van barmhartigheid het by die sogenaamde armblankevraagstuk betrokke geraak. Die uitgangspunt van die kerk was destyds dat Afrikaners nie slegs aan kos, klere en 'n woonplek gehelp moes word nie, maar dat 'n besef van eie identiteit en waardigheid by hulle gekweek moes word. Die kerk het onder leiding van dr. J.R. Albertyn en andere doelbewus daarna gestrewe om 'n "gesonde volks- en rassetrots" by hulle op te wek.

Die konsep *apartheid* wat in kerklike taal oorspronklik gebruik is om die idee van afsonderlike kerke vir gelowiges uit verskillende volke te verwoord, het binne hierdie konteks 'n maatskaplike inhoud gekry en is later ook op die politiek oorgedra. Toe apartheid die offisiële beleid van die Nasionale Party geword het, kon teruggeval word op beginsels wat reeds in die kerklike praktyk gegeld het. Dit is nie vreemd dat die kerk in hierdie omstandighede die politieke beleid van apartheid Bybels geregverdig het nie. Behoudende teoloë van onverdagte wetenskaplike bekwaamheid het selfs die voortou daarmee geneem. Die ontugwet en die wet op die verbod op gemengde huwelike is op aandrang van die kerk op die wetboek geplaas. En die Bybel is daarby op 'n bedenklike wyse hanteer.

Dit alles is ter goeder trou gedoen. Daar was wel waarskuwende stemme, maar hulle is verontagsaam. Dissidente is as liberaal beskou. Pogings van enkelinge en 'n groep jonger teoloë om die egte gereformeerde karakter van die kerk te beklemtoon, was wel nie sonder betekenis nie. Maar toe sommige van hulle die eenheid van die kerk begin beklemtoon en geredeneer het dat dit volgens die oergereformeerde beginsels van die Dordtse kerkorde noodsaaklik is dat gemeentes van verskillende volks- en kulturele groepe in één kerkverband saamgesnoer behoort te word, is dit as polities liberaal gediskrediteer.

Dit het die politieke verandering in die land gekos om ook die Nederduitse Gereformeerde Kerk oor die kleurkwessies van standpunt te laat verander. In 1982 het daar 'n politieke breuk in die Nasionale Party plaasgevind. Dit het diepgaande verskille onder die Afrikaners aan die lig laat kom. Soos verwag kon word, was daar 'n sterk element onder die predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat hulleself met die regse groepering in die politiek onder leiding van dr. A.P. Treurnicht vereenselwig het.

Dit was gevolglik nie vreemd dat die skeuring in Afrikanergeledere in 1986 ook op 'n skeuring in die Nederduitse Gereformeerde Kerk uitgeloop het nie. 'n Mens kan jou moeilik aan die indruk onttrek dat die volksverbondenheid van die kerk só groot was dat teologiese beslissings oor maatskaplike sake nie primêr op grond van 'n objektiewe uitleg van die Skrif geneem is nie, maar ten nouste verbonde was met die politieke oortuigings van teoloë en lidmate. Dit het onder meer gelei tot die isolasie van die Afrikaanse kerke in die wêreld - 'n situasie wat selfs tot op datum nog nie heeltemal genormaliseer is nie.

4. Die politieke oorgang van 1994 het intussen ingrypende gevolge vir die kerk. Suid-Afrika het offisieel 'n sekulêre demokrasie geword. 'n Sekularistiese gees oorspoel die land. Die Sondag en die Christelike feesdae het hulle godsdienstige karakter ingeboet. Godsdiens is 'n saak van persoonlike keuse, nie meer van 'n gemeenskaplike oriëntasie nie.

Dit het 'n geweldige verskil aan die instelling en klimaat in die kerke gemaak. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het haar posisie en invloed verloor. Die profetiese stem van die kerk het stil geword. Die kerk moet tans op die ope mark vir aandag meeding. Die versoeking ontstaan om mense te trek deur aan hulle te bied wat hulle graag wil hê. Die kerklike styl verander. 'n Populêre aanslag neem oor. Daar word op individuele religieuse ervaring gekonsentreer. 'n *Piëtisties-metodistiese* vroomheid van charismatiese aard tree op die voorgrond. Daarmee het die groot uur van die *evangelikaliese spiritualiteit* as kragveld in die kerk aangebreek.

Die aansluiting wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk by die Nederlandse en Europese gereformeerde kerke en teologie gehad het, is vinnig besig om te verdwyn. Teologiese studente lees eintlik nie meer Nederlands of Duits nie. Hulle is hoofsaaklik op Amerikaanse literatuur ingestel. Die kerklike styl word gevolglik steeds meer Amerikaans. Die wet van vraag en aanbod word normatief. Individuele smaak is bepalend. Lidmate besoek die kerk van hulle keuse.

Die kerklike aanslag beweeg eerder in die rigting van die *Evangelicals* en Anabaptiste as in dié van die Gereformeerdes. Kategoriale en huisgemeentes word bo territoriale gemeentes verkies. Die ervaringselement word oorheersend in prediking, lied en aanbidding. Die Woord-karakter van die kerk kom onder druk. Die Psalms het feitlik uit die eredienste verdwyn. In die plek daarvan kom liedjies met 'n *gospel*-inslag, soms selfs in Engels. Die Heidelbergse Kategismus en ander belydenisskrifte speel geen rol meer in prediking en kategese nie.

Die kragvelde van *volksverbondenheid* en die *gereformeerde karakter* van die kerk tree op die agtergrond. Dit beteken nie dat hierdie kragvelde betekenisloos geword het nie. Maar hulle het latent geword en oefen haas geen invloed uit nie. Tog moet daarmee rekening gehou word dat hulle weer te eniger tyd na vore kan kom. Dit kan maklik weer gebeur met die kragveld van die *volksverbondenheid*. Dat dit nog steeds 'n invloed uitoefen, blyk reeds uit die negatiewe reaksies rondom die moontlike eenwording van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met die Verenigende Gereformeerde Kerk. Daar word ook gesê dat die Afrikaanse Protestantse Kerk op die oomblik sterk groei. Dit is te hope dat ook die kragveld van die gereformeerde karakter van die kerk spoedig weer 'n innerlike dinamiek sal openbaar. Maar ten slotte sal slegs die tyd ons leer watter kragvelde die verdere gang van sake in die kerke sal bepaal.